

FAMILIENUUS

JUNIE 2019



KLEINGROEPE: NUUS

► Kleingroepe is vriendskapsgroepe wat saam geestelik groei. Dit is ook die plek waar die groot gemeente persoonlik raak. Magalieskruin het 'n verskeidenheid kleingroepe (omgeegroepe, Bybelstudies, selgroepe, vrouegroepe en mannegespreksgroepe) wat op 'n gereelde basis vergader. Kontak vir Janine Joubert by die kerkkantoor (012-548-1245) om betrokke te raak. U kan ook 'n e-pos stuur aan haar by magaliesklein@telkomsa.net.

► Die teeskinkbeurtlys vir 2019 is per e-pos aan die Kleingroepleiers gestuur. Dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.

► Baie dankie aan ds. Johan Olivier vir Junie se Bybelstudie.

MAGALIESKRUIN GEBEDSNETWERK

Ons moedig kleingroepe aan om deel te word van ons gemeente se gebedsnetwerk. Ons het 'n WhatsAppgroep waar ons gebedsversoeke plaas. 'n Lid of al die lede van julle kleingroep kan deel word van dié groep. Neem dan die gebedsversoeke en bid in julle kleingroep oor die sake. Om deel te word, stuur jou naam per SMS na ds. Louis by 082-929-0244. Julle kan ook gebedsversoeke na ds. Louis stuur, wat dit dan op die groep sal plaas.



PITKOS VIR KLEINGROEPE

OPBOU EN BEDIENING VAN DIE KLEINGROEP

In die vorige Pitkos bydrae het ons gekyk ons na opbou en bediening binne en vanuit kleingroepe. Hierin het ons gesien dat geestelike opbouing prakties plaas vind binne die kleingroep deur middel van die Woord, getuienis, bemoediging asook bediening.

- as groep: in getalle (maar nie noodwendig nie) en in ons doelwitte:
 - om as groep te groei in onderlinge, liefdevolle verhoudings en as span (sinergie);
 - om in verhouding met God toe te neem – m.a.w. om as groep geestelike diepte te ontwikkel;
 - om as groep te groei in uitreik – om meer en meer na buite te leef in diens en getuienis.
- as individuele volgelinge van Jesus – ons persoonlike geestelike vorming.

Hierdie geestelike groei en bediening bring ons dan ook terug by die werk van Heilige Gees. Hierdie maand fokus ons dan op “Wandel in die Gees”

1) Wandel in die Gees.

Geestelike vorming kom neer op 'n lewe van oorgawe aan Heilige Gees. Wat behels dit?

- Ons moet **bewustelik oorgee aan die Gees** van God in ons, en Hom vra om ons te vul - dan moet ons Sy vervulling in geloof aanvaar, en intensioneel daaruit leef;
- Ons moet **bewustelik die stem en leiding van Heilige Gees** in ons soek, en daarin groei - die Gees praat met ons in Sy stil stem, deur die Woord, deur ander mense, deur situasies, in die natuur, ens. Ons moet ons egter oefen in die dissiplines van afsondering, stilte, leiding, ens.
- Ons moet die Gees toelaat om in ons oor te neem en **ons te help oorwin in sondes en situasies** wat ons geestelike groei belemmer;
- Ons moet die **Gees kan beleef in sy kragontmoetings**, wat soos in Handeling 2:2-4, 4:31) by herhaling kan gebeur. Die gevolg hiervan is die losmaak van ons emosie (trane, blydschap, lof en aanbidding), vrymoedigheid, geloof en besondere geestelike gawes;
- Ons moet **groei in die gawes wat die Gees deur ons wil werk** in die gemeente en probeer om nie in die pad daarvan te staan nie;

- Ons moet **die vrug dra van die Gees** in ons. Die groot tekens van 'n Geesvervulde lewe is liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, geloof, geduld, getrouheid, nederigheid, en selfbeheersing. (Gal 5:22).
- Ons moet **weet waarmee die Here besig is in ons lewe**, en ons gewilliglik daarvoor gee (daaraan oorgee) en saamvloei met wat Hy doen deur ons eie ek te ken en dit te oorkom deur weg daarvan te fokus.

'n Geesvervulde persoon is iemand wat na aan die Here leef, wat geloof en innerlike krag het, wat liefdevol en nederig is, wat homself vergeet het (en die feit dat hy so "Geesvervuld" is!) **en op ander fokus in diens en opregte omgee**. Dit is sulke mense wat ons in ons groep wil kweek!



Ons kleingroep moet groei in diepte en oorgawe aan die werk van die Gees van God.

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus "Kleingroep Dinamiek" saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroepleier van 'n megakerk in Johannesburg.)



VERHOUDING MET MENSE NADER AAN JOU

Week 1: Waarom verhoudings skeefloop

Lees: Gen 1:6-31.

Bespreking:

1. Waar het verhoudings ontstaan as julle na vers 26 se eerste sinsnede kyk?
2. Waarom gebruik die skrywer die meervoud: "*Kom ons maak die mens ons verteenwoordiger*".
3. Hoe lyk die verhouding in die Drie-Eenheid?
4. Stem julle saam dat daar 'n volmaakte eenheid is in die Drie-Eenheid?
5. Is daar enige iets anders as liefde, harmonie en volmaakte eenheid in die Drie-Eenheid?
6. By wie het verhoudings begin?

Lees: Gen 2:7.

Bespreking:

1. Hoe was die verhouding tussen tussen God en Adam?
2. Waar was die mens se woonplek volgens Gen 2:15?
3. Wat sê God oor Adam in 2:18? Hoekom sê die Here dit? Van die eerste woorde in die Bybel sê dat die mens in verhoudings leef en daarvoor geskep is. Verhouding met God, met die skepping, met 'n lewensmaat, en kinders en natuurlik ook met jouself.

Lees: Gen 2:21-25. **Adam sê:** *Ek is mens, geskep uit die stof van die aarde, maar daar is meer aan my: ek is, want God is. Die lewe in my is die asem wat van God kom. Ek het bewoon en bewerk, geleef en gelag, geniet en gedans in Eden. Saam met God het ons gewandel, maar sonder Hom geval!* **Eva sê:** *Ek is mens saam met Adam geskep na God se beeld. Só het God ons geskep, pasmaats. Aan my het God die voorreg toevertrou om lewe te skenk. Ek moet die kanaal wees van van God se lewegewende skeppingsmag!*

Lees: Gen 3:1-8.

Bespreking:

1. Waarom dink julle slaag die duiwel in sy versoeking van Eva? Stem julle saam dat die duiwel ontevredenheid in plaas van dankbaarheid gebruik in die versoeking van Eva?
2. Wat dink julle van die volgende stelling: Daar is altyd beter en meer, groter en vinniger, gouer en lekkerder. Wat jy nou het is nie die beste nie!
3. Stem julle saam dat sonde oral is? Dat ons sonde doen wanneer ons presies die teenoorgestelde doen as wat God gesê het ons nie moet doen nie (Gen 3:6).
4. Kan jy dit vir God wegsteek volgens Gen 3:8? Dit is om God se wil in jou eie hande te neem en te wysig volgens jou wil (vgl Ex 2:11-18).

Lees: Gen 3:9-23.

Bespreking:

1. Sou die opskrif vir die gedeelte reg klink: “*Om verbode vrugte te eet beteken om self te besluit wat reg en verkeerd is*”.
2. Wat is die gevolge van sonde?
3. Wat gebeur met verhoudings as ons sondes doen?
4. Watter verhoudings loop skeef?

Woede laat 'n mens impulsief optree want dit is wanneer jy jou selfbeheersing verloor en jou denke nie toelaat om die situasie logies te ontleed nie. In 'n woede uitbarsting baklei jy selde oor die regte “issue”. Jy raak net 'n “bulldozer” waarvan die remme ingegee het. Die gevolge is altyd ramspoedig!

Bid saam: Vra die Here om ons te begelei om ons sondes na Hom te bring en te bely. Vra vir genade om ons verhoudings weer te heilig, te reinig en nuut te maak.



Week 2: Waarom vergifnis nodig is

Lees: Rom 3:23 en Gal 5:15.

Bespreking:

1. Wat tref julle in hierdie twee gedeeltes? Is daarvolgens Rom 3:23 enige uitsondering as dit by die mens en sonde kom?
2. In die gemeente van Galasiërs was daar baie verskeurde verhoudings en dit noop Paulus om te sê: “...*julle byt en verskeur mekaar...*”
3. Wat dink julle is nodig in verskeurde verhoudings?
4. Daar kan seker net een antwoord wees op die vorige vraag: “vergifnis en versoening”? Stem julle saam?
5. 'n Mens se verhouding met jouself, jou medemens en jou God het 'n onlosmaaklike verband met vergifnis. Hoekom?
6. Stem julle saam dat 'n mens nie in 'n verhouding staan sonder om een of ander tyd vergifnis te gee of te ontvang nie?
7. Stem julle saam? Sedert die sondeval is elke verhouding waarby die mens betrokke is aan 'n breukspul blootgestel. Ons maak mekaar seer, draai ons rug op mekaar, takel mekaar af. Verhoudinge raak hel op aarde.

Wat is ware geluk? Net een antwoord: Gesonde verhoudinge met God en ander mense. Ons tragiese geskiedenis is egter skeefgetrekte verhoudings. Volgens ons teksgedeeltes het dit reeds van die begin van die skepping na die sondeval 'n pes onder ons geword.

Lees: Gen 3:10,12.

Bespreking:

1. Hoekom het die eerste twee mense vir God weggekruip? En toe God hulle kry, want hoe kan 'n mens tog vir God wegkruip, moes hulle iemand anders vind om te beskuldig. Hoekom?
2. Ons lees dat hulle skielik besef het hulle is kaal. Sou 'n mens kon dink dat hulle elkeen hulle eie naaktheid raaksien in die naaktheid van die ander? Omdat hulle van die boom van kennis tussen goed en kwaad geëet het, het die skuldigheid van die sonde hulle gewetens aangetas en hulle beroof van hulle geskape onskuldigheid. Dit het alles verander.
3. Hoe gaan ons dit omkeer? Ons sal God en mekaar weer van vooraf moet vind. Nie beskuldigend nie maar verskonend! Stem julle saam?
4. Kan ons sonder God lewe? Kan ons sonder mekaar lewe?
5. Ons sal sonder vergifnis altyd ver van God bly en mekaar bly doodslaan en verskeur.
6. Vertel vir mekaar hoe ons vergifnis en versoening gaan vind.
7. Die mens in die skeppingsverhaal is 'n feesmens. Dit lyk of God met hierdie besonderse skepsel sy vreugde oor al sy skeppingswerke te kenne wil gee. God is tevrede en die mens is gelukkig. Is dit volmaakte harmonie en liefde?
8. Stem julle saam met die volgende stelling? God en mens was in volmaakte harmonie. Só hoort dit, maar dit het nie so gebly nie. Wat het van God se beeld in die mens geword?

Wie se skuld is dit? Skulderkenning is baie moeilik! Stem julle saam? Selfverontskuldiging is altyd skuldontkennig. Wie beskuldig vir wie in die verhaal? Adam beskuldig God op 'n manier deur die vinger na Eva te wys en te sê, dit is die vrou wat U my gegee het, se skuld. Eva beskuldig die Slang weer.

In die historiese benadering word die skuld vir alles wat verkeerd is in die geskiedenis gesoek. Die voorouers of die owerheid of die negatief bepalende landsomstandighede word die skuld gegee. Hoe dink julle word die skuld in Suid Afrika bereken? Dit gebeur soms wannere 'n bepaalde volk of 'n groep mense 'n sekere wanpraktyk standariseer en sodoende dan die skuld dra vir die tragiese gevolge van die verlede. Wat kan ons doen?

Lees: 2 Sam12:7 en 9.

Bespreking: Wie is die skuldige volgens Natan? Ons is almal skuldig vir die wandaad wat onself gedoen het. Waar begin 'n mens met skuld? By jouself! Want jy staan skuldig voor jou eie sonde. Ps 51 leer vir ons dat skulderkenning nie 'n skande is nie maar 'n oorwinning! *“Was my skoon van my skuld, Here. Teen U allleen het ek gesondig!”*

Bid saam: Bely teenoor die Here jou eie skuld en bely ook kollektief die sonde van die volk waaraan jy behoort en bid God se genade af op ons land. Bid vir vrede en harmonie.



Week 3: Erken jou skuld

Lees: Ps 51:5 en 19, Rom 3:23.

Bespreking:

1. Is die algemene stelling: “Ek is in die skuld”, waar van alle mense?
2. Is jy in staat om jou eie skuld te beskryf, of is jy vaag oor wat jy gesondig het?
3. Voor wie staan ons as ons die dag besluit om ons sonde spesifiek te bely?
4. Waaraan is ek skuldig en wat gaan ek doen met my skuld?
5. Wat moet mense doen wat tot raserny gedryf word deur vae skuldgevoelens?
6. Kan mense valse verontskuldigings doen om God te manipuleer? Wanneer kry ‘n mens genesing van jou sondes?

Eerlike erkenning is die enigste manier om skuldgevoelens positief te hanteer. Soek na die wortel van die kwaad. Soek die oorsaak van die skuldgevoel en stel dit aan die hand van die Bybel vas of dit ‘n geldige gevoel is. Het ek na God se wil gehandel of het teen sy wil gehandel? Het ek verhoudings benadeel en selfs erger verbreek om ten alle koste my eie ek te dien? Dit waaraan ek skuldig is kan nie met allerlei verskonings versag word nie. Die afskuwelike van die sonde moet dadelik erken word!

Bespreking:

1. Watter rol speel berou in skulderkenning?
2. Is berou ‘n selfgesentreerde jammerte?
3. Is berou die belydenis van ‘n mens wat erken dat jy jou doel gemis het? Dat jy nie is wat God jou regtig voor geskep het nie?
4. Wanneer iemand sê: “*Ek is jammer, maar onthou tog ek is nie al een wat skuldig is nie*”, is dit regtig berou? Natan die profeet wys letterlik met sy vinger in die oog van Dawid en sê: “*Jy is die man; jy het egbreek gepleeg en moord beplan en jy het jou gesin in die steek gelaat*”.
5. Met berou word daar in ons tyd baie bedrog gepleeg, maar God sien daardeur. Berou is nie goedkoop grimering nie. Berou wat opreg is kan berge van vooroordeel versit en mure van sonde wat in verhoudings gebou word, wegsiet. Stem julle saam?
6. Opregte berou is die deur na vergifnis en versoening met die mense wat jy deur jou dade beseer het. Stem jy saam?
7. Party mense verontskuldig hulle op grond van hulle sondige natuur en omstandighede wat dan kwansuis buite hulle beheer sou wees, maar ten spyte van die verontskuldiging haat hulle hulleself oor die skuld. Hulle leer om ‘n swak beeld van hulleself voor te hou om ten einde die “nie-toerekenbare etiket” te mag dra. Stem jy saam?
8. Bied selfverwerping oplossings?

Selfverloëning: Dit is die eerste stap na nuwe lewe. Met die woord het Jesus die pad na ‘n volkome gebalanseerde lewe aangedui. Selfverloëning het niks met selfveroordeling en selfveragting te doen nie. Selfverloëning beteken om jouself te leer ken soos God jou ken en om ‘n besluit te neem om jou selfbeeld volgens Bybelse voorskrifte te rekonstrueer deur die werking van die Gees. Job stel dit so: “*Voor God is ek en jy gelyk, ja ek is ook maar net uit klei gevorm*”. In Joh 12:24-26 sê Jesus dat ons soos ‘n koringkorrel in die grond moet val en sterf want dan bring ons ‘n groot oes in. Hy voeg by dat as ons, ons lewe liefhet bo Hom sal ons die lewe verloor. Selfverloëning is die erkennig van my sonde en afhanklikheid van die genade van die Here. Ek verag en haat nie myself nie maar ek gee myself vir die Here

met sonde en al, en sterf aan my eie ek soos Christus Homself soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het sodat Hy vir ons kon opstaan en 'n groot oes kan inbring wat al die gelowiges deur die geskiedenis voorstel. Teenoor selfverloëning staan selftrots. Indien jy deur jou trots gekniehalter word sal jy aldeur verskonings soek en voortdurend jou eie beeld wil poets. Iemand wat so is sal nie goeie verhoudings met mense hê nie. Sefverlonend moet ek my skuld bely en net so oorgee aan Jesus.

Bid saam: Vra die Here om selftrots weg te neem en jou eie-ek in gebrokenheid voor sy troon te bring sodat Hy jou kan inspireer om terug te gaan in verhoudings wat seer gekry het as gevolg van jou trots en bely jou skuld en vra vergifnis voor die Here.



Week 4: Versoening in verhoudings

Lees: Rom 3:23-24 en Luk 15:11-24.

Bespreking:

1. Vergifnis maak 'n mens vry en versoening is 'n omhelsing met baie soene. Verhoudings word nuut! Stem julle saam?
2. Indien iemand jou vergewe vir iets wat jy gedoen het en wanneer die verhouding weer herstel is bring dit vreugde en vryheid. Hoekom is dit so?
3. Wat doen angs aan 'n mens in 'n verhouding? Is dit lekker om heeltyd in die verhouding vol vrees vir straf te leef?
4. Wat doen selfbejammering aan 'n verhouding. Is jy vry in jou verhoudings om lief te hê of tree jy terug as gevolg van vrees en angs?
5. Hoe kan 'n mens versoening vind in 'n gebroke verhouding?

Hoe help Rom 3:23 en Rom 8:1 ons met die bogenoemde vrae? Is dit nodig om in vrees te leef en jouself voortdurend te haat? Sit Koningskinders agter tralies of is hulle vry? Glo dit vandag en moet nooit weer hieroor twyfel nie: Jou sondes is vergewe! Niemand kan jou van die liefde van God skei nie. Jy is vry om absoluut nuut te leef in al jou verhoudings! Belangrik! Op my groot skuldrekening is daar 'n kruis aangebring regoor die skudbrief! Die kruis skryf my nie af nie. Die kruis skryf my skuld af, gee jou skuld vir die gekruisigde Jesus! Sy verdienste is die volle vereffening van my en jou rekening! Eers dan is ons vry van ons skuld.

Julle het uit Luk 15:20 gelees en die pragtige verhaal van die verlore seun het julle sekerlik weer getref soos elke ander keer wat julle dit gelees het. Die seun neem die besluit om na sy Pa terug te keer omdat hy besef dat hy gesondig het, die verhouding met die Pa het seer gekry en beide hy en Pa ly aan die pyn van die verlies. Die Pa in die verhaal hardloop na hom die oomblik toe hy hom sien nader kom. Dan omhels die Pa die seun en soen hom met baie soene. Die een wat eens ver was in die verhouding is nou naby die Pa se hart. Dit noem ons Versoening (ver-soening)! Ek wens ek kon dit met my eie oë sien. Die seun het maar net gehoop op 'n kans om weer 'n plekkie te hê in die Pa se huis al is dit maar 'n minderwaardige plekkie in die huis. Die verrassing? Nie 'n halfhartige, verwyttende, voorwaardelike ooreenkoms nie maar 'n ontroerde omhelsing! In hierdie gedeelte leer ons die hartklop van God ken. Ons leer by Hom wat versoening is.

Bespreking:

1. Stem julle saam met die volgende stelling? *“Daar is geen versoening met God moontlik sonder dat ons glo dat die Seun se kruisverdienste dit moontlik maak omdat Hy al ons skuld op Hom geneem het en ons Skuld betaal het in ons plek.”* Die omhelsing van die Vader is net vir verlore seuns en dogters. As ons Vader se hart versoening klop hoe moet ons harte dan klop vir ander mense met wie ons moet versoen? Ons moet ook leer om ons arms onvoorwaardelik uit te steek in ‘n oop gebaar van liefde, sonder verwyte! Ons was *“ver”* in die verhouding van mekaar nou *“soen”* ons mekaar ja, inderdaad versoen!
2. Hoe laat dit jou voel?
3. Bybelse liefde is harde werk as dit by verhoudings kom. Ons kan en mag nie ver van mekaar bly staan nie.

Lees: 1 Joh 4:20

Bespreking:

1. In ‘n gesprek oor mens-tot-mens-vergifnis som iemand dit so op: *“Dit is iets wat ek wantrouig ontvang en voorwaardelik gee”*. Wat dink julle van die stelling?
2. Versoening is vergifnis met opgerolde moue! Stem julle saam? Hoekom?
3. Is die verhaal van die verlore seun nie juis feestelikeheid en vrolikheid nie?
4. Wat moes die Pa verduur omdat die seun hom verwerp het; hoeveel nagte moes die Pa angstig en bekommerd deurbring; is hy nie ontnugter met die gooi van liefde in sy gesig wanneer hy weglou van die Pa en is daar nie flitse van verontregting wanneer die Pa die seun omhels nie? Onthou daar was ook ‘n ander broer wat meen hy is die verontregte. Hy was ongelukkig. Hoekom? Hy kon nie uitreik na die Pa of die broer nie want hy kon nie vergewe nie. Daar is net een gewaarwording, hy was te ver van die omhelsing.
5. Na huweliksontrou, wat sou nodig wees om weer met vertrouwe saam te loop?

Bid saam: Vra die Here om julle die krag van die kruis te gee. Dit is ‘n liefde wat nie van onself kom nie, trouens dit is ‘n liefde wat voortdurend met ons selfliefde in konflik kom. Sodra die Gees aan ons die betekenis van die versoening duidelik maak en ons dit snap ontvang jy die vrug van die Gees naamlik liefde en vrede. Die Heilige Gees is werksaam wanneer ons onself verloën. Bid hiervoor!